


**Wêreldbiddag vir Vroue**  
Donderdag 4 Maart 2021  
NGK, Lourensriver-Strand  
19:00



*"'n Lewe gebou op 'n vaste Rots"*  
(Strykerland: Yvonne)

*Ons begin die Nuuskrummels dié week met goeie nuus. Eredienste hervat, ons sien almal Sondag, na weke - vir die eerste keer weer in die kerk! Ds. Petrie se geestelike videoboodskap sal steeds op sosiale media wees.*

**Wêreldbiddag vir Vroue**, Donderdag 4 Maart om 19:00 in die kerk! Tema - 'n Lewe gebou op 'n vaste Rots. Almal welkom!

**Lifeline Youth** - Prys en aanbidding Sondag 7 Maart om 17:30-19:00. Ons kan nie wag om saam met jou die Here te loof nie

Dié week se inspirasie kom van Magé Trotskie, hoofdogter van **Hoër Meisieskool Oranje** in Bloemfontein. Sy het 'n unieke boodskap tydens 'n nuwelingsfunksie-toespraak aan die graad agts gelewer. Kyk hier na die video:

<https://www.facebook.com/Oranjevoortuit/videos/574256803552853>

**Lig jou ken en ken jou lig.**



**Magé Trotskie se woorde...**

*"Vir twee weke lank moes jy nou rondloop met jou oë op die grond, met vier bollas op jou kop en 'n voersak oor jou skouer... Jy het nou genoeg af gekyk. Nuwelinge, ek wil hê jy moet van vandag af op kyk.*

*Lig jou ken en ken jou lig.*

*Laat ek verduidelik.*

**Lig jou ken.** *Lig jou oë van die grond af en wees hier. Die Here sê stop, vat 'n oomblik, kyk op en haal asem. Ek is met jou. Ek gaan nêrens heen nie. Ek het jou lief. Wees hier Oranje. Wees nou hier. Lig jou ken en gaan dans saam, gaan sing saam, gaan pluk daai blom vir jou ma, gaan drink daai koffie, gaan raak 'n paar duisend keer verlief, waardeer die sterre en die wolke wat al jou drome dra.*

*Lig jou ken en sien die mense rondom jou. Sien die nuwe dag. En as jy gister geval het dan staan jy vandag op, met nuwe moed en nuwe krag en daai pragtige blink-bek glimlag.*

**Ken jou lig.**

*Ps 139:14 - Jy is beeldskoon*

*1 Petrus 2:9 - Jy is gekies*

*Efesiërs 2:10 - Jy is gemaak vir 'n rede*

*Johannes 1:12 - Jy is 'n kind van God*

*Jeremia 31:3 - Hy sal jou vir ewig lief hê*

*Hierdie is wat die Here van jou dink. Dieselfde Here wat berge en oseane en mense soos Chandler Bing gemaak het, Hy sê dat jy beeldskoon is, so hoe durf jy anders glo?...en anders na jouself kyk of op jouself afkyk en jouself oordeel as die Here sê dat jy beeldskoon is. Gee jouself 'n kans. Ek en elke mens in hierdie saal glo in jou en ons glo dat jy op presies die regte plek is op presies die regte tyd..."*

**PRAISE AND WORSHIP**



BY LIFELINE

JOIN US FOR AN EVENING OF PRAISE AND WORSHIP! WE CAN'T WAIT TO WORSHIP WITH YOU.  
SLUIT AAN BY 'N AAND VOL PRAISE EN WORSHIP! ONS KAN NIE WAG OM SAAM MET JOU DIE HERE TE LOOF NIE!

7 Maart 2021  
17:30 - 19:00  
NG kerk Lourensriver Strand

VIR MEER INLIGTING KONTAK:  
TIJANÉ VISSER: 0832870954

## DAGBOEK VIR DIE WEEK

### SONDAG 07 FEBRUARIE

- ✚ Erediens 09:00 in kerk – 100 mense word toegelaat. Onthou jou masker
- ✚ Ds. Petrie stuur steeds 'n geestelike videoboodskap op sosiale media
- ✚ 09:00 – 10:15 - Kinderkerk. Ons nooi al ons laerskool leerders uit! Kom kuier saam.
- ✚ **17:30-19:00 - Lifeline Youth: Lofprysing "PRAISE AND WORSHIP".**  
**Vir meer inligting kontak Tjané 0832870954**

### MAANDAG 8 Maart

- ✚ Rapha-Vroue. Kontak Kerkkantoor

### DINSDAG 9 Maart

- ✚ Veritas Bybelskool Module 1/2

### WOENSDAG 10 Maart

- ✚ Veritas Bybelskool Module 2/3
- ✚ 08:00 Snr. Manne
- ✚ 09:00 Bidgroep by die kerk. Word deel van die groep wat elke Woensdagoggend bymekaar kom om te bid.

### DONDERDAG 11 Maart

- ✚ 09:00 Gebedskursus. Skakel in by die gratis Gebedskursus wat Donderdae oggende by die kerk aangebied word.

### VRYDAG 12 Maart

- ✚ 05:30 Sakemanne
- ✚ 06:00 Mannebyeenkoms by kerk

### SONDAG 14 Maart

- ✚ Erediens – Aanlyn Videoboodskap
- ✚ 09:00 – 10:15 – Kinderkerk
- ✚ 17:30 – Lifeline Youth

---

## VOORBIDDING WORD GEVRA:

✚ Ds. Petrie vir sy boodskap.

✚ Ons bid vir gesondheid en herstel vir:

Joël Kriegler, Retha de Villiers, Bettie Nicholls en Jean Maritz.

✚ Voorbidding vir die sendelingpaar van Mosambiek, André Thiart en sy vrou Anna-Marie – wie se huis onder meer afgebrand is tydens die onrus in Mosambiek

✚ Ons bid vir elke persoon wat siek is, in die hospitaal is en die wat tuis aansterk!

---

# Dankoffers / Kollekte / Tiende / Skenkings

"Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief." (2 Kor. 9:7)

- Daar is koeverte in die portaal vir dankoffers en tiendes.
- Al meer lidmate verkies om hul dankoffer deur middel van 'n gereelde elektroniese oorbetalings te doen. Ons moedig dit graag ook aan.
- Gebruik dié Zapper-selfoontoepassing vir bankkollekte en dankoffer bydraes. Dié Zapper "APP" kan gratis van jou selfoon se "APP Store" afgelaai word. Jy sal deur Zapper van elke transaksie verwittig word.
- Jy sou ook by die bank kon reël vir 'n gereelde aftrekorder indien jy nie van 'n elektroniese bankdienste gebruik maak nie.
- Betalings kan ook tydens kantoorure 09:00-14:00 by die kantoor gedoen word.

"Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug daarvan: daardeur word julle self ryker. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus." (Filip. 4:17,19)

## Bankbesonderhede

**Rekeningnaam: NGK Lourensrivier Bank**

**ABSA Bank Strand**

**Rekeningnommer: 420 580 231 (Takkode 334 312)**

## Elektroniese oorplasing:

**Stuur 'n bewys van inbetaling aan kerkkantoor per e-pos,**

**fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met**

**verwysing: Naam en van.**

**Waarvoor: bv. dankoffer, voedsel fees.**

## ZAPPER:

*Gebruik dié Zapper-selfoontoepassing vir bankkollekte en dankoffer bydraes.*

*Dié Zapper "APP" kan gratis v*

*an jou selfoon se "APP Store" afgelaai word.*

*Jy sal deur Zapper van elke transaksie verwittig word.*



## **MAART 2021 VERJAARSDAE!**

*Baie geluk aan elke geliefde wat in Maart verjaar. Ons wens jou 'n geseënde lewensjaar toe! Mag jou pad gevul wees met vreugde, liefde en vrede. Mag jy God se hand styf vashou op jou lewenspad.*

*Baie geluk ook aan elkeen van ons geliefdes wat in Maart 'n verjaarsdag van 80 jaar of ouer vier!*



# Ondersteun plaaslik. Ondersteun ons borge/adverteerders

**AC YOURITE** 065 816 9617

## HEARING CARE

*For better hearing*

- Annual 60 rates • Easy hearing process
- Hearing Tests • Hearing aids • Batteries
- Water / water's drop protection earcaps
- Customised ear repairs and new hearing aids

and professional audiology services

1st/2nd Floor: Home Centre, Broadway Blvd & De Groot Street, Strand 7130-4




**Photography**

From Baby to Baby & Beyond

0720400614  
[www.kayenphotography.co.za](mailto:info@www.kayenphotography.co.za)  
[www.kayenphotography.co.za](http://www.kayenphotography.co.za)

Social Media  
 @kayenphotography



**Flamers**  
CHICKEN GRILL

021 854 7774

**bp helderberg**



BROADWAY 87  
STRAND

021 854 7200

**FTH ACCOUNTANTS**  
The name you can ACCOUNT on

**Floris Ter Haar**  
Professional Accountant (SA)

Tel: 021 853 4266  
 Cell: 082 741 7076  
 Fax: 086 021 854 5741  
 E-mail: [floris@fthacc.co.za](mailto:floris@fthacc.co.za)

30 Cornelia Street  
Strand, 7140  
Skype: flrhaar

Jou finansiële toekomst is ons

- Begrotingsbeplanning
- Pensioenbeplanning
- Bepalingsstudie
- Persoonlike lening
- Koperskrediet / uitdiele
- Kopersbeplanning

Gevoel om te Verleë (straat 15, Strand)

**Wille Fourie**  
Senior Financial Solutions  
071 053 2174 (082 946 1144)  
[admin@arcani.co.za](mailto:admin@arcani.co.za)

**Arcani** Financial Solutions



**JN POOLS**  
L. J. N. POOLS & SPA'S

JEAN NALDE: 082 559 6285

- Fibreglas Reëling
- Pool installasie
- Water Saving
- Cone Drilling
- Roof Repair
- Paving

[info@jnpools.co.za](mailto:info@jnpools.co.za) [www.jnpools.co.za](http://www.jnpools.co.za)



Your Property Consultant  
**Renette Oosthuizen**

021 853 472 7000  
[renette.oosthuizen@harcourts.co.za](mailto:renette.oosthuizen@harcourts.co.za)

**Harcourts Platinum**



**NAILIT**  
HANDYMAN SERVICES

- Painting
- Tiling
- Roof repairs
- Bathrooms

QUALITY WORKMANSHIP  
**Pierre Oosthuizen**  
 072 929 4373

**SASOL**  
making new possible

**Willie Strydom**  
Trustee & Franchisee

**Sasol Somerset West Trust**  
c/o Broadway & Kinnock, Somerset West  
P.O. Box 1320, Strand, 7130, South Africa  
Tel: +27 (0)21 852 8888  
Fax: +27 (0)21 852 8877  
Cell: +27 (0)79 870 8155  
[willie.strydom@sasol.co.za](mailto:willie.strydom@sasol.co.za)

**MSA**  
MEMBERSHIP OF COMPANIES & AGENCIES

Unit 2, Little Greece  
George St, Strand  
P.O. Box 1170, Strand, 7139  
Tel: 021 837 1256  
Fax: 086 274 2003  
Cell: 082 220 2296

**HBP**  
HELDERBERG BUILD & PAINT

**STUART JACKSON**

082 872 6830 | [info@hbpconstruction.co.za](mailto:info@hbpconstruction.co.za)  
[www.hbpconstruction.co.za](http://www.hbpconstruction.co.za)

**STRAND**

**KWIKSPAR**

Continuing Centre, City Boulevard & De Groot  
Strand, 7140

T: 021 853 2096  
 F: 021 853 7874  
[strandkwikspar@hotmail.com](mailto:strandkwikspar@hotmail.com)

[www.kwikspar.co.za](http://www.kwikspar.co.za)

**Dr Wimpie Basson**  
B.D.S. (DAB) • Ph. No. 3420752

*Helderberg Dentists*

T: 021 853 7201 F: 021 854 4347 C: 083 629 1672  
[www.helderbergdentists.co.za](http://www.helderbergdentists.co.za)  
 15 Main Road, Strand  
 422, Strand 7139



**FIRE UP**

- BRAAI AND KAGGEL WOOD
- GARDEN REFUSE / RUBBLE REMOVAL

Andre: 076 019 8279

**WE DELIVER**



Ons kondig met groot opgewondenheid die massiewe uitverkoop van ons Engelse Good News Translation (GNT) Uitreikbybels aan.

Hierdie volledige Bybel is 'n maklik leesbare Engelse vertaling en is perfek vir jonger lesers, tweede taalsprekers en nuwe Christene. Die ingeslote *Help! How should I read my Bible?*-boekie help lesers om hul weg te vind deur die verskillende Bybelboeke, hoofstukke en verse.

Hierdie mediumgrootte Bybel met volkleur sagteband beskik ook oor 'n kantindeks en voetnote.

Hierdie Bybels verkoop nou teen slegs **R43** ('n afslag van 14%) per Bybel en is slegs vir 'n beperkte tyd (1 Maart - 30 Junie 2021) teen hierdie prys beskikbaar.

Nou is die ideale tyd om jou voorraad met hierdie Bybels aan te vul wat gepas is vir sendingwerk, sokkombuise en ander uitreikprojekte hierdie Lydenstyd en Paasfees.

Moenie hierdie spesiale aanbod misloop nie! Om die Bybel te koop: kontak jou naaste Bybelhuis, e-pos [sales@biblesociety.co.za](mailto:sales@biblesociety.co.za)


AANLYN WERKSWINKEL - Boelies...

*"Bulletproof"* werkswinkel teen boelies.

13/14/20/21 April

Registreer betyds.

Vir meer inligting of om te registreer, stuur 'n epos na [bernice@drsteyn.com](mailto:bernice@drsteyn.com)



### VAN KRIP TOT KRUIS

Die siklus van Paasfees (Lydenstyd, Kruisiging, Opstanding en Hemelvaart) en Kersfees (Advent, Kersdag en Epifanie) vorm die twee grootste godsdienslike feesdae in die kerk. Die boodskappe in hierdie bundel is saamgestel met die oog op hierdie twee geleentehede.

Die bundel bestaan uit 30 boodskappe wat goed uitgelê en maklik verstaanbaar is. Die inhoud kan gerieflik vir die voorbereiding van preke, of vir persoonlike verryking gebruik word.

Van die temas sluit in:

- God het 'n Tang nou.
- Daar is lig in jou duisternis.
- Jou koning kom na jou toe.
- Natanael onder die vyeboom.
- Die koning van die bome.
- Malgus se oor wat afgekap is.
- Wat doen jy met jou bondel hout?
- Aan die regterhand van die Vader.
- Die opwekking van Tabita.
- Die merk van die dier en 666.

Elke boodskap getuig van goeie eksegetiese, hermeneutiese begrip en homiletiese toepassing.

Formaat: Sagteband.  
Bladsye: 148 bladsye.  
Prys: R140.00 (plus koerierskoste; sal kwoteer).  
Bestellings en Navrae: Selfoon: 072 633 3367, of e-pos: [rvtonder@vodamail.co.za](mailto:rvtonder@vodamail.co.za)